Die spanbestuurder word aangestel deur die SASF UB en is verantwoordelik vir die totale span, dit sluit in Stoeiers, Beamptes en Afrigters.
Die Spanbestuurder mag en meot so ver moontlik konsulteer met die Afrigters voor finale besluite geneem word, maaar die Spanbestuurder bly verantwoordelik vir die totale span en sal sodoende terugvoer aan SASF UB verskaf.

Ouers wat die toer of kampioenskappe meemaak, moet van die eerste dag af verwittig word dat die stoeier onder die rëels van die federasie val en dat alle aksies tydens die toer deur die spanbestuurder en afrigter bepaal sal word.
Die inmenging van ouers word geensins toegelaat nie.
Dit word sterk aanbeveel dat die stoeiers en ouers nie van dieselfde hotel gebruik maak nie.

Die taak van die spanbestuurder is ‘n vermoeiende en omvangryke taak maar die bevrediging wat daaruit geput word wanneer ‘n toer suksesvol afgehandel word is meer as genoeg vergoeding.
Spanbestuurders wat spanne lei na die uithoeke van die aarde kom terug as baie wyser stoei administrateurs met hope kennis wat suksesvol terug geploeg kan word in hulle klubs en verenigings.

Daar is ‘n geweldige tekort in SASF aan gemotiveerde en bekwame spanbestuurders wat ons stoeiers en amptenare na wêreld roem kan lei.
Daar word dus ‘n opregte beroep gedoen op persone met die regte hoeveelheid deursetting en positiewe gesindheid om hulle beskikbaar te stel en te bekwaam vir hierdie groot taak.

Spanbestuurders is die spil waarom die reëlings, administrasie en finansies draai en geen spanlid sal ooit in die buiteland kan meeding of optree sonder ‘n bereidwillige spanbestuurder wat die toer moontlik maak nie.

Dankie aan al die manne en dames wat die onbaatsugtige taak jaar na jaar onverpoos uitvoer – sonder julle sal SA nooit op die podiums van wêreld stoei staan nie.